

25 Desember

Skrifgedeelte: Titus 1:1-16

Fokusgedeelte: Titus 2:11-12

Die verskyning van God se genade

Titus was predikant op Kreta. Sy taak was nie maklik nie. Die Kretensers was berug! Hulle was lui (1:12), dronk (2:2-3), losbandig (3:3), gulsig (1:12) en onbetroubaar (1:12).

Tóg was dit nie altyd só nie. Kreta se verlede is roemryk. Die wortels van die Griekse kultuur, die demokrasie en die Westerse leefwyse lê daar. Kreta was eens beroemd om sy kuns, bouwerke en beskaafde samelewing. Maar dit was vroeër, voor die rampe en swaarkry gekom het, voor die afwaartse spiraal van kitsoplossings, selfsug en leuens die Kretensers al dieper in desperaatheid, in 'n sosiale moeras laat wegsink het. Is daar hoop vir Kreta? Is daar hoop vir samelewings met 'n roemryke verlede maar 'n tragiese hede?

Ons Skrifgedeelte leer: “Ja, daar is!” Daar is hoop omdat dit Kersfees geword het. Kersfees beteken: Die genade van God verskyn aan alle mense (2:11). Hierdie genade bring verlossing, verlossing vir die mense van Kreta (én vir my en jou). In 'n leuenagtige, onbetroubare samelewing wys God dat Hy betroubaar is. Hy hou sy Woord (1:2)! Hy stuur sy Seun as betaling vir alle sondes – ook die sondes van 'n ontaarde samelewing.

Wie hierdie getrouheid van God as 'n reddingstou vasgryp, word self betroubaar, word opgevoed om “die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe” (2:12).

Só begin die herstel van desperate samelewings: dáár waar mense nie meer die leuen van die sonde leef nie (1:16), maar gesond word in hulle geloof (1:13).

God wil dit ook vandag steeds bewerk – sy genade het immers ook vir die mense van Suid-Afrika verskyn!

Sing: Skrifberyming 33:1, 3

Dr WC Vergeer (Krugersdorp)